higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPS)

## BEDRYFSBESTUUR
## NKR VLAK 3

## 13 NOVEMBER 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | K |
| | 1.1.2 | D |
| | 1.1.3 | I |
| | 1.1.4 | F |
| | 1.1.5 | B |
| | 1.1.6 | H |
| | 1.1.7 | G |
| | 1.1.8 | A |
| | 1.1.9 | C |
| | 1.1.10 | E |

(10 × 1) (10)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | D |
| | 1.2.2 | A |
| | 1.2.3 | B |
| | 1.2.4 | D |
| | 1.2.5 | C |
| | 1.2.6 | A |
| | 1.2.7 | D |
| | 1.2.8 | A |
| | 1.2.9 | B |
| | 1.2.10 | D |

(10 × 1) (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Deursigtigheid
  Stel die beleid – om by sy waardes te hou – beskikbaar aan belanghebbendes en die publiek
- Morele standaarde
  Om wins in die gemeenskap terug te ploeg en sodoende sosiale dienste soos opvoeding, werkskepping, ens. te verskaf.
- Gehalte
  Verseker dat Jalang-lede dít kry waarvoor hulle betaal en wat aan hulle belowe is; swakgehalte produkte sal nie verkoop word net om pryse te verlaag nie
- Etiese standaarde
  Die onderneming om behoorlike salarisse aan werknemers te betaal en om beter werksomstandighede te skep, selfs al sou dit die winsgrens verminder. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

2.1.2
- Kliënte/lede
- Werknemers
- Aandeelhouers
- Gemeenskap (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

2.1.3
- Kliënte/lede: waarborge; naverkoopdiens; lojaliteit; lidmaatskapdiens
- Werknemers: opleidingskursusse; beurse vir werknemers en hul gades; erkenning; beter werksomstandighede
- Aandeelhouers: hou gereeld vergaderings met hulle; publiseer gereeld finansiële verslae
- Gemeenskap: borg gemeenskapsprojekte; raak betrokke by gemeenskapsaktiwiteite; bied skenkings aan

(Enige toepaslike 4 × 2) (8)

2.2
- Dit illustreer die realiteit van wat gedoen moet word sodat daar geen verrassings is nie.
- Dit dien as 'n kontrolelys vir diegene wat te doen het met die implementering sodat hulle kan sien watter take afgehandel is en watter nog gedoen moet word.
- Dit stel beplanners in staat om problematiese areas of take te identifiseer.
- Dit verskaf 'n duidelike fokuspunt aan elke departement in plaas van slegs 'n rowwe idee van wat gedoen moet word.
- Dit verseker dat almal na 'n gemeenskaplike doelwit werk en sodoende word oorvleueling van take vermy en tyd en hulpbronne bespaar.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1
- Kommunikeer enige veranderinge in begin- en einddatums (tydraamwerk)
- Verseker dat aktiwiteite soos die bestelling van onnodige skoonmaakmiddels nie die begroting oorskrei nie
- Verseker dat mense bewus is van hul rolle en verantwoordelikhede in die maandprogram (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

2.3.2
- Verseker dat aktiwiteite wat nodig is vir die afhandeling van elke taak uitgevoer word
- Verseker dat werknemers die take uitvoer wat aan hulle toegeken is
- Bestuur en kombineer hulpbronne korrek (Enige toepaslike 2 × 2) (4)

2.4
- Die algemene instandhouding van die perseel, insluitend skoonmaak
- Afvalverwydering en herwinning
- Veiligheid en gesondheid
- Nagaan van masjinerie/toerusting (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

**[44]**

## VRAAG 3

3.1
- Verhouding met lynbestuurders
- Vaardigheidsvlak
- Spanwerk
- Motiveringsvlak
- Siekte (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

3.2 3.2.1
- Personeelsiektes
- Finansiële krisis (tekort aan kontantvloei)
- Slegte publisiteit
- Tekort aan voorraad/hulpbronne
- Omgewingskade
- Tekort aan vaardige personeel
- Omgewingsrisiko's
- Bedryfsrisiko's
- Risiko's t.o.v. wetlike nakoming
- Risiko's t.o.v. veiligheid en gesondheid (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

3.2.2
- Risikovermyding – uitskakeling van risiko's deur die staking van aktiwiteite of weiering om aktiwiteite te onderneem wat lyk asof die risko daaraan verbonde te groot is.
- Risikoaanvaarding/retensie – aanvaarding van 'n verlies as dit voorkom, soos om 'n vrywaringsvorm te onderteken
- Risikovermindering – beperk die risiko deur die waarskynlikheid van 'n voorval te verminder. Sommige risiko's kan nie heeltemal vermy word nie maar dit kan verlaag word. Voorkomingsmaatreëls kan in plek gestel word, insluitend veiligheids- en beskermingstegnieke.
- Risiko-oordrag – plaas die verantwoordelikheid vir die gevolge van 'n risiko op 'n persoon of organisasie buite jou eie besigheid. Versekering, in ruil vir 'n premie, is die beste manier om vir 'n verlies te betaal. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

3.3
- Spesifieke inspeksie
  Kontrolleer of die grootte, kleur, vorm en voorkoms van 'n spesifieke hoeveelheid van 'n produk voldoen aan die standaard
- Spesifieke toetsing
  Om 'n produk onder uiters strawwe toestande te toets
- Werksteekproewe
  Gaan elke werknemer se produk na vir enige defekte wat 'n negatiewe uitwerking op gehalte kan hê (12)

3.4
- Dinkskrums
- Fokusgroepe
- Kontrolelyste
- Kaarte en grafieke (4 × 1) (4)

3.5
- Interne hulpbronne wie se aflewering minder effektief is as dié van subkontrakteurs
- Subkontrakteurs wat begroting oorskrei en nie spertye nakom nie
- Onbetroubare afleweringstye weens onbetroubare verskaffers
- Afwesigheid van personeel
- Binnegevegte weens swak spankeuses
- Onvoldoende of onversoenbare tegnologie
- Stakings deur werknemers weens salarisgeskille en ander faktore

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)
**[44]**

**VRAAG 4**

4.1
- 'n Aangename werksomgewing wat bevorderlik is vir produktiwiteit van personeel
- Opgeleide bestuurders
- Opgeleide personeel
- Goedbeproefde prosedures wat veroorsaak dat die hele Jalang doeltreffend funksioneer
- Gebruik van die beste hulpbronne om topgehalte dienste te lewer
- Werknemers is trots op hul werk en probeer defekte beperk
- Werknemers neem verantwoordelikheid vir hul werk

(Enige toepaslike 6 × 1) (6)

4.2 4.2.1
- Defektiewe of minderwaardige produkte sal geproduseer word
- Afstaan van kliënte aan die kompetisie
- Verlore produksietyd weens gebreekte of foutiewe masjiene
- Verkwiste materiaal deur nie aan gehalteprosedures te voldoen nie
- Stel personeel in gevaar as hulle nie beskermingsdrag dra nie
- Omgewingskade as daar nie herwin word nie
- Skade aan masjinerie weens ongemagtigde gebruik van gesofistikeerde masjinerie sonder behoorlike opleiding

(Enige toepaslike 6 × 2) (12)

4.2.2
- Defekte wat betyds opgemerk word
- Uitskakeling van aktiwiteite wat nie waarde toevoeg tot die besigheid nie
- Verbetering van kliënteverhoudings
- Algehele betrokkenheid (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

4.3
- Inspeksie. Toesighouers kontrolleer dat prosedures gevolg word deur kostes en tyd in gedagte te hou
- Foutlose program ('zero defect programme')
- Maak seker dat die diens die eerste keer reg gelewer word
- Vergelyking van maatstawwe ('benchmarking')
  Waarneming van hoër standaarde wat deur ander toegepas word en die strewe om daarby aan te pas of daarop te verbeter (Enige toepaslike 3 x 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

4.4
- Finansies is verbind aan alle besigheidstelsels omdat dit versoeke vir aankope ontvang en fondse vir aankope vrystel op versoek.
- Finansies hou toesig oor die begrotings van alle besigheidstelsels om oorbesteding en onderbesteding te voorkom.
- Finansies hou rekord van inkomste, uitgawes en winste.
- Finansies betaal vir masjinerie en toerusting wat nodig is vir bedrywighede in die produksie/bedryfsdepartement.
- Finansies betaal vir toerusting soos rekenaars en liasseerkabinette en vir dienste soos telefoonrekenings wat deur die administratiewe departement bestuur word.
- Wat Menslike Hulpbronne betref, betaal Finansies die salarisse van alle personeel en verseker dat voordele aan werknemers uitbetaal word.
- Finansies moet die bemarkings- en reklameveldtogte finansier wat deur die bemarkingsdepartement geloods word.
- Finansies moet navorsings- en ontwikkelingsinisiatiewe finansier.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)
**[42]**

**TOTAAL AFDELING B: 130**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou